

HOOFSTUK 12

OPSOMMING

Thomas kom by die nuwe internetkafee aan en moet 'n rukkie wag voor hy kan gaan soek vir Night of the Chills³. Hy moet egter met die tweede weergawe tevrede wees. Net toe hy dink hy gaan begin speel, daag Thabo daar op. Hulle praat oor Thabo se ouma se besoek en waarskuwings. Thabo glo sy ouma praat die waarheid en is van mening dat Thomas moet luister. Saam soek hulle dan op die internet inligting oor Stanley Robinson en kry heelwat koerantberigte oor die magnaat. Teen halfvier moet Thabo huis toe gaan en Thomas kies koers McDonalds toe. 'n Donker figuur sien Thomas by die kafee uitloop. 'n Vinnige blik na die foto in sy sak bevestig dat dié seun beslis Thomas Steyn is.

VRAE:

1. Wat laat 'n joernalis se werk so lekker klink vir Thomas?
2. Wie dink Thomas sal 'n goeie joernalis wees en hoekom?
3. Wie daag by die kafee op?
4. Hoekom sê hy Thomas is nou in 'n bangmaak-deel van die speletjie?
5. Watter werk doen Thabo se ma?
6. Watter werk doen Thabo se ouma?
7. Thomas en Thabo het in die Cape Harold inligting oor Stanley gekry. Waar wil Thomas nog inligting soek?
8. Hoekom dink Thomas hulle sal inligting in The London Daily Times kry? (Twee volsinne)
9. Hoeveel artikels kry hulle op The London Daily Times se webwerf oor Stanley + Robinson en hoeveel kan hulle gebruik?

HOOFSTUK 13

OPSOMMING

Thomas stap McDonalds toe om vir hom middagete te koop. Terwyl hy wag vir die groen mannetjie by die kkruislig, haal hy die koerantartikels uit sy sak en lees van diie verdagte wat in verband met die moord op Sarabeth in hegtenis geneem is. Net toe die lig sê hy mag oorsteek, gryp 'n donker figuur sy skooltas en hardloop daarmee weg. Thomas kies dan koers stasie toe om 'n bus na Hannes se huis te haal. Die gebeure nou heeltemal te erg vir hom! Voor hy op die bus klim, moet hy eers by die toilet uitkom. In die manstoilet word hy deur 'n man met sterk arms oorrompel. Dit is Nicholas Miller.

VRAE:

1. Wie is in verband met die moord op Sarabeth in hegtenis geneem?
2. Wat gebeur voor Thomas die straat oorsteek?
3. Hoekom dink Thomas dat die dief dom was?
4. Wat bedoel Thomas met: "almal het hulle messe in vir hom"?
5. Wat het in die manstoilet gebeur? (vier volsinne)

HOOFSTUK 14

OPSOMMING

Thomas word wakker terwyl iemand hom hard deur die gesig klap. Terwyl hy sukkel om by sy positiewe te kom, merk hy dat hy in sy kamer is, met Nicholas Miller en sy broer, Michael, wat oor hom troon. Louisa lê op die grond met 'n tou om haar nek en haar regterhand is op 'n geborduurde kussing langs haar. Miller vertel vir Thomas hoekom hy daar is – hy soek die honderdduisend goue muntstukke wat Stanley Robinson in die solder weggesteek het. Hy weet dit is daar, want Sarabeth het die geheim aan sy oupa meegedeel voor hy haar vermoor het. Thomas probeer om Louisa gemaklik te maak en Miller aan die praat te hou sodat hy haar sal loskry.

VRAE:

1. Wat het met Louisa gebeur?
2. Wie was verantwoordelik vir die vreemde goed wat in Thomas se kamer gebeur het?
3. Hoekom wou die Miller-broers die huis vir hulself hê? (vyf volsinne)
4. Wie het Robinson met sy donkerste geheime vertrou?
5. Waar is die goue muntstukke versteek?
6. Hoekom tik Miller met 'n hamer teen die mure?
7. Wat beteken: “die wieletjie draai, maar die hamster is dood”?